DIE MEULENAAR

Amptelike Nuusbrief
van die
BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE
Posbus 340, Fontainebleau, 2032
Tel: (011)793-7271 Sel: 082 921 0344
Web bl: www.users.lantic.net/iverm

Jaargang 4: 2004/3 November 2003

A1. THYS VERMEULEN

Die volgende artikel het verskyn as 'n Bylaag in Gansbaai Herald: Jaargang 6 van 2002-12-20. Die artikel heet Stiltes en Storms deur W.J. (Wessel) Germishuys. Dit word geplaas met beide die koerantelenaar en die skrywer se toestemming.

"Flink draf twee strandlopertjies heen en weer op die blinknat sand onderkant die hoogwatermerk. Steek vas, pik na 'n vlieg of seevlooi en skarrel verder aan. 'n Seemeeu sit met sy kop ingetrek op die hardernet in die skuitjie. Van hier het hy 'n uitkykpos en kan hy alles om hom rustig waarneem. Hy bly steeds bewus van die mense se teenwoordigheid teen die rante en verslap nie vir 'n oomblik sy waaksaamheid nie.

Skuins bokant die skuitjie en die seemeeu lê Willem op sy sy in die koelte van Romansbaai se nethuisie. Hy is besig om met sy knipmes 'n bootjie uit 'n stuk optelplank te kerf. Vanmiddag drie-uur, wanneer die kinders na skool met die sakkie koffie en brood aankom, wil hy die bootjie vir klein Wessel gee.

Hy wonder op hy nie vandag beter kon gedoen het as hy gaan "broke" het nie. Vandat Grieta op haar ouderdom daarin geslaag het om 'n rybewys te kry en hulle vir hulle 'n bakkie gekoop het, maak hulle goed geld met die verkoop van vrugte. Grieta doen die rywerk en hy die verkope. Hy het

hoeka vir hom 'n wit jas aangeskaf sodat hy darem na 'n besigheidsman lyk.

Jan Groenewald, voorman van die span hardertrekkers hier op Romansbaai kom aangestap en haak sy bladsak met kos van die netpaal af. Hy vroetel in die sak rond en sien dat daar net brood in is. Niks ekstra nie. "Wanneer gaan julle weer appels haal?" wend hy hom tot Willem. "Ons het eergister gaan haal, maar ek kry nie kans om te gaan 'broke' nie," antwoord Willem. "Maar ek kan vir jou 'n kissie uithou. Die prys is nou tien sjielings." Sê Willem. "Hou vir my 'n kissie. Wat ek eintlik kom sê het, is dat Thys Vermeulen daar bokant by die skerm sit met 'n aliemintige tandpyn."

Terwyl hulle nog praat kom Thys self aangestap. Hy is klein van postuur, maar hy lyk aan 'n grootheidswaan. Hy verbeel hom hy is verskriklik sterk. "Thys, jy moet vir Coenraad vra vir 'n bietjie brandewyn om in jou mond te hou. Hy het altyd 'n 'halfjack' by hom," sê Boy Swart terwyl hy onder die nette uitbeur waar hy gelê en slaap het. "Geen brandewyn in my mond nie," antwoord Thys. "Ek is 'n Nasarener". Hy bedoel eintlik Nasareër, ten aanleiding van Simson in die Bybel. "Dan moet ons die tand maar trek sê Boy. Hy vervies hom vir die man se grootdoenigheid. "Wie gaan my tand trek en wie gaan my vashou?" spog Thys. "Sewe nuwe toue kan my nie ... " Hy kom nie verder gepraat nie want Willem duik hom onderstebo, gaan sit bo-op hom en hou sy hande met die een hand bymekaar en dwing sy kake met die ander hand oop. "Hou hom vas oom Willem. Dirk bring die "toolbox" skree Boy terwyl hy help om vir Thys vas te druk.

Klein Dirk Lourens kom met die gereedskapkissie van die jeep af aangehardloop. Met 'n tedtrale gebaar hou Boy sy hand uit. "Tang, sê hy en wag vir Dirk om die tang in sy hand te plaas. "Jy moet die ding steriliseer," sê Boy wanneer Dirk die tang in sy hand plaas. Vee dan die tang aan sy sitvlak af. "Een gesteriliseerde tang, 'coming up', kondig hy aan terwyl hy die tang in Boy se hand plaas.

Voel-voel eers met die linkerhand, kry dan die tand met die tang stewig beet en met die draai van sy gewrig bring hy die tand te voorskyn. Boy is nog nie tevrede nie. Sy pasiënt se mond bloei darem te veel. "Coenraad, bring daar 'n bietjie brandewyn dat ons die man se mond kan uitspoel. "Thys gryp die botteltjie brandewyn by Coenraad wanneer die manne hom los. Hy sluk 'n groot sluk, gee die botteltjie terug en spring regop. Hy hardloop teen Romansbaai se kop uit en gaan op 'n veilige afstand staan. "Julle donners, julle het die verkeerde tand getrek. "dan asof in nagedagte

"Ek is ook nie meer 'n Nasarener nie. Ek gaan nou 'n stywe dop by die huis drink."

In hierdie artikel word daar verwys na Matthys Christiaan Hermanus Vermeulen – algemeen bekend as Thys Padda. Thys is 'n afstammeling van Jan (Willemzoon) Vermeulen.

A2. THYS EN KRISJAN VERMEULEN

ROMANSBAAI – HARDERTREKSPAN : W.J. (WESSEL) GERMISHUYS

Ek staan op Romansbaai se kop
Kyk hoe die branders oor die water gly
Een vir een kom staan die grootmense
Van my kleintyd nou by my

Ek sien Oom Jolie vol geloof
Die seewater dophou
Ek sien Jan Stukke hoed in hand
'n Skool harders in die net toevou

Ek sien Oom Boy en Pa kragtig
Die groot branders die hoof bied
Oom Mannie wat met hoë boë
Die net in die water skiet

Ek sien Dirk Mankie opgewonde
Al in die rondte tol
Ek sien Coen Jatta waar hy kaalgat
Teen die skuinste af kom hol

Ek sien Thys Padda desperaat
Aan die agtertou vashou
Al brêk hy dat sewe nuwe toue
Hom nie eens vas kan hou

Ek sien oom Boetman en Skroefies
Waar hul in kniediep water staan
Ek sien Oom Krisjan Kriek wat haastig
Met sy jepie nader staan

in die gedig verwys Wessel weer na Matthys Christiaan Hermanus Vermeulen – bekend as Thys Padda en sy broer Christiaan Jacobus Vermeulen – algemeen bekend as Krisjan Kriek.

A3. O! Al die bynamel : ALWYN OTTO

Die volgende verskyn in die boekie "So dink ek terug" deur Alwyn Otto.

"Eie aan die Gansbaai soos van toeka tot nou
Was daar soveel byname, amper te veel om te onthou
Elke bynaam het egter iewers sy onstaan gehad
Sonder om name te noem hoop ek nie die ou inwoners word vir my kwaad
As gevolg van die baie Groenewalds, Geldenhuyse, Lourense, Vermeulens, Otto's, Swart, Smitte, Visagies en Kie
Was daar egter 'n behoefte om aan elke van 'n bynaam te gee
Want as 'n vreemdeling aan jou deur kom klop en na Jan Groenewald soek
En hy noem nié sy bynaam was jy vasgekeer in 'n hoek
Daar was egter so baie Jan Groenewalds op die Gansbaai-lys
Dat sonder 'n bynaam jy hom nie die regte straat en huis kon aanwys
Hier volg nou 'n aantal byname daardie jare wel in gebruik
En ek noem dit sonder enige bybedoelings of om iemand sleg te laat lyk
Daar was die Ettes en die Tettes, die Rosyntjiebrode en die Kêffiebrode
Daar was die Malles en die Vaales, die Brandjies en Bokkies; Paddas; Die Tickets; Perdebosse; Beskuitbolle; Krieke; Vlekkie; Lokke; Patats; Passengers; Pikkewyne; Steenmakers; Ryk Janne; Sweeties; die Olies; Predikante; Latte; Golse; Lewiese; Huiljorsies; Kano's; Kalkoene; Kese; Brommers; Peulekkers; Mannies; Witjanne; Jan Kinders; Boontjies; Vlooie; Brollox'e; Overalls; Stompies; Vennenas; Aasvoëls; Snoekies; Kiewiet; Dokter; Potjies; Dubbele Smit; Gangkies; Tandjies; Windhonde; Tiekies; Riesbakke; Ponies; Maties; Sepouse; Haase; Tippies; Swart Katte; Tande; Tjirrs en Soolasse.

Hierdie is slegs die byname wat ek vanaf kind kan onthou
Dit het egter gehelp om 'n enigsoort vir Gansbaai op te bou
Want ver sal jy moet gaan om soveel byname in 'n dorp te vind
Wetend dat dit tog op 'n manier die inwoners aan mekaar kan bind."

U ken nou reeds die Krieke en Paddas as synde Vermeulens. Die Sepouse was/is ook Vermeulens. Al drie is afstammelinge van Jan (Willemzoon) Vermeulen.

A4. WILLIE VERMEULEN

Willem Johannes Jacobus Vermeulen – 'n afstammeling van Dirk (Corneliszoon) Vermeulen – is gebore op 1947-08-07 as een van 'n tweeling. (Sy tweelingbroer heet Johannes Paul).

Willie verwerf springbokkleure in atletiek en wel in stap.

- In 1979 was Willie 9de in die Comrades padwedloop.
- In 1984 was hy die S.A. rekordhouer in die 20km stap vir mans.

Willie is getroud met Susanna Catharina Bezuidenhout. Die egpaar het twee dogters nl.

(i) Susan gebore 1973-02-10.

In 1999 was Susan die houer van die volgende Afrika rekords.

- 10km stap vir vroue
- 20 km stap vir vroue

In 1999 was sy ook die houer van die volgende SA rekords.

- 3km stap vir vroue
- 10 km stap vir vroue
- 20 km stap vir vroue

In 1999 was Susan 'n lid van die SA Atletiekspan (20 km stap) wat in Spanje aan die Wêreldbyeenkoms deelgeneem het. Sy volg dus in haar vader se voetspore.

Susan is 'n tandarts te Pretoria.

(ii) Rina gebore 1974-04-30.

Rina is getroud met Anton Conradie. Sy is 'n mediese dokter en praktiseer te Pretoria – onder haar getroude van.

B. LIDMAATSKAPAANGELEENTHEDE

B1. LEDE

Sedert ons vorige nuusbrief, is sewe verdere aansoeke om lidmaatskap ontvang. Al die aansoekers is as lede toegelaat. Ons wil u hartlik welkom heet as lede van die Bond. Die Meulenaar vertrou dat ons verbintenis tot wedersydse voordeel sal wees.

B1.1 AFSTAMMELINGE VAN JAN (WILLEMZOON)

	Naam	Adres	Tel
35	Urbanus Johannes Vermeulen	Posbus 11466, WINDHOEK, NAMIBIË	(0926461) 231 563

B1.2 AFSTAMMELINGE VAN DIRK (CORNELISZOON)

	Naam	Adres	Tel
83	Belinda van der Merwe	Posbus 32630, GLENSTANTIA, 0001	(012) 998 7712
84	Maria Elizabeth Vermeulen	Posbus 2411, SECUNDA, 2302	(017) 712 4733
85	Siebert Jakob Vermeulen	Langstraat 49, MONTAGU, 6720	(023) 614 1626
86	Sonja Dreyer	Posbus 70176, DIE WILGERS, 0041	(012) 807 0903
87	Wynand Arnoldus Vermeulen	Posbus 265 334, DRIE RIVIERE, 1935	(016) 424 1912
88	Mattheus van As Vermeulen	Posbus 491, RIETSPRUIT, 2231	(013) 688 6186

B2. GESLAGSREGISTER

Tydens die Algemene Ledevergadering gehou te Bloemfontein op 2003-05-31 besluit die vergadering:

- Dat verdere pogings gedurende die volgende jaar aangewend moet word om die register so volledig en korrek moontlik te kry.

- Dat die bestaande inligting gekontroleer moet word vir korrektheid.

- Dat vraelyste aan Bondlede voorsien moet word ten einde:

- Hul eie inligting te kontroleer en
- Hul te versoek om die vraelys aan **minstens** een Vermeulen familielid of vangenoot te gee vir voltooiing

Bestuur het met groot vertroue die vraelys ontwerp en teen 'n koste van R363,79 120 vraelyste versprei. Dit gee ons 'n trefkrag van **minstens** 210 Vermeulens (90 lede; 90 familielede of vangenote en 30 "ander" Vermeulens). Bestuur het verder berigte in ongeveer 50/60 koerante geplaas dwarsdeur Suid-Afrika en Namibië. Hierdie poging het ongeveer 120 oproepe, e-posse of skrywes tot gevolg gehad.

Bestuur het begin glo: Ons is nou daar! Maar helaas!

- Die 210 vraelyste het tot gevolg gehad dat ons **10 voltooide vraelyste** terug ontvang het! Nodeloos om te sê dat dit van diegene is wie se inligting reeds korrek in die register aangeteken is!

- Die 120 wie op die "advertensies" reageer het, het hul eie inligting voorsien. Sodra daar verder navraag gedoen word, het hul ook verdwyn.

Vir diegene wie ons wel behulpsaam was, sê ons baie dankie.

Die vraag moet definitief nou gevra word of daar hoegenaamd 'n behoefte aan 'n korrekte en volledige geslagsregister is?

U mening en voltooide vraelyste word afgewag.

C. HET U GEWEET?

C1. HERBERT VERMEULEN

Dat Herbert – 'n afstammeling van Dirk (Corneliszoon) – gebore is op 1947-06-08 te Heilbron? As 'n amateur het hy Springbokkleure in boks verwerf.

C2. WILLEM MICHAEL VERMEULEN

Dat Willem – 'n afstammeling van Dirk (Corneliszoon) – gebore is te Winburg gedurende 1901? Willem was ook 'n bokser. Hy is op 1927-06-15 noodlottig beseer tydens 'n geveg.

C3. JAN WALTERS VERMEULEN

Dat Jan – nog 'n Dirk afstammeling – gebore is op 1912-05-24 en oorlede is op 1986-11-17? Op sy grafsteen staan die volgende grafskrif:

> "Dit is my "claim" die" met 'n pyltjie wat na onder wys.
> "Alleen gebly, alleen gely. Daar is nou geen smart meer nie"

Die Meulenaar aanvaar dat hy 'n myner van beroep was en ongetroud.

C4. RUAN VERMEULEN

Ruan – verwys Die Meulenaar van Julie 2003 – het hierdie jaar homself gevestig as 'n gereelde lid van die Blou Bulle se rugbyspan. In die eindstryd tussen die Blou Bulle en die Haaie op 2003-11-01 begin hy op die reserwebank. Hy word gedurende die tweede helfte van die wedstryd opgestuur en help de Blou Bulle om die Haaie met 40-19 te klop.

C5. DENISE VERMEULEN

Denise – verwys Die Meulenaar van Julie 2003 – is getroud met 'n afstammeling van Dirk (Corneliszoon) Vermeulen nl. Jacques Louw Vermeulen. Denise – 'n gereelde lid van die Blou Bulle se

vrouerugbyspan – speel op 2003-10-25 in die eindstryd van die interprovinsiale vrouekompetisie tussen die Blou Bulle (of is dit die Blou Verse!) en die magtige Olifante van die Oostelike Provinsie. Die Blou Bulle klop die O.P. met 39-0. Denise was kaptein van die Blou Bulle en het die span van voor af gelei.

D. LIEF EN LEED

D1. GEBOORTE

Johan du Plessis Vermeulen en Inge gebore Loots word op 2002-12-13 'n seun Ethan Jeffrey ryker. Hy is gebore te Dublin, Ierland.

Johan is die seun van Albertus Johannes (Albie) – Lid D34 – en Charlotte Yvonne Vermeulen.

E. ADVERTENSIES

E1.

DIE MEULENAAR
POSBUS 340, FONTAINEBLEAU, 2032
TEL: 011-793 7271

KOPIEë VAN VORIGE UITGAWES IS TE KOOP TEEN R10 PER KOPIE. PLAAS U BESTELLING BY BOGENOEMDE ADRES. BETALING MOET U BESTELLING VERGESEL.

Om 'n geheelbeeld van die Bond en sy werksaamhede te kry, is dit noodsaaklik dat u al die uitgawes van Die Meulenaar aanskaf.

E2. DIE BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE BIED DIE VOLGENDE AANDENKINGS TE KOOP AAN:

E2.1 DRANK (WYN)

Die etikette – op die bottels - vertoon die Bondnaam, Streekbyeenkoms Gansbaai en die datum 2000-12-16/17 (in kleur). Soortgelyke etikette vertoon die streekbyeenkomste te Carnarvon, Pretoria, Carletonville en Bloemfontein. Prys R25 per bottel.

U kan ook die etikette bestel en self op 'n bottel van u keuse aanbring. Etiket alleen : R10 elk.

E2.2 GLASE

Die glase vertoon die Bondnaam sowel as die Bondwapen. Dit is gegraveer op die glase.

- 500ml bierbeker R22 elk
- 400ml (bier)glas R17 elk
- Witwynglas R28 elk
- Rooiwynglas R30 elk
- Whiskeyglas R17 elk
- Water/Whiskeyglas R12 elk

Op die wynglase, whiskeyglase en waterglase verskyn slegs die woorde "Bond van die Vermeulen Familie".

Plaas u bestellings by:

- Izak Vermeulen Tel. (011) 793-7271. Sel 082 921 0344.
- Johan Vermeulen Tel. (021) 553-1885.
- Anna Fourie Tel. (053) 382-3425. Sel 084 759 6579.

- Johan Vermeulen Tel. (018) 468-1473. Sel 083 627 0573.

F. ALGEMEEN

Lede word asseblief versoek om:

(i) Familie aan te moedig om ook lede van die Bond te word (slegs lede sal geregtig wees om die beplande geslagsregister aan te koop en die Bondwapen te gebruik).

(ii) Klein advertensies oor dienste wat uself/u bedryf aanbied in te stuur vir publikasie. (Die diens is huidig gratis. Bestuur behou egter die reg om die volume per uitgawe te beperk en om die advertensies te wysig (verkort)).

(iii) Enige interessantheid aangaande die Vermeulen familie in te stuur vir publikasie. (Bestuur sal weereens eie oordeel oor publikasie/ verkorting gebruik).

(iv) Ons webruimte te besoek vir verdere inligting oor die Bond.

(v) Voorstelle in te stuur oor onderwerpe ens. vir oorweging deur Bestuur.

(vi) Ons te voorsien van foto's (afdrukke), familiebybels en ander gedenkwaardighede vir bewaring in die beoogde Vermeulen museum.

(vii) Indien moontlik, die Jaarlikse Algemene Ledevergadering en Streekbyeenkomste by te woon.

(viii) As u bewus raak van 'n familiebyeenkoms (Vermeulens) wat beplan word, ons in kennis te stel.

(ix) Ons te voorsien van die volgende ten opsigte van elke Vermeulen wat u pad kruis:

- Volle name en geboortedatums van die Vermeulens, telefoonnommers en indien beskikbaar e-posadresse. (Dit mag net wees dat dit nog een van ons verlore skape is en dat ons hom/haar met sy familie in ons geslagsregister kan opneem).

(x) Die vraelyste te voltooi, tussen u familie te versprei en daarna die voltooide vraelyste terug te stuur.

HARTLIKE VERMEULEN GROETE

DIE BESTUUR VAN DIE BOND EN DIE MEULENAAR WENS U 'N GESEënDE KERSFEES EN 'N VOORSPOEDIGE NUWEJAAR TOE.